## FROM THE EDITOR

*The first edition of 1994 offers a wide variety of articles to our readers ranging from rabbinic Judaism to Black Theology, Practical Theology and Religious Education.*

*This edition also marks a change in our editorial staff. Santie Grosskopf, after having served the journal for many years in her unassuming but very professional and dedicated way, left us at the end of 1993, coinciding with the retirement of her husband from the chair of Journalism at Stellenbosch. We would like to express our deepest appreciation for her personal friendship and her valued contribution in the interest of Scriptura.*

*At the same time we would like to welcome Heloïse Davis, who takes over from Santie as Editorial Assistant from this issue. Heloïse has extensive journalistic experience and we are fortunate to have the benefit of her expertise. We hope that she will soon feel at home in the Scriptura family.*

## REDAKSIONEEL

*Die eerste uitgawe van 1994 bied 'n wye verskeidenheid van artikels aan ons lesers - van die rabbynse Judaïsme, Swart Teologie en Praktiese Teologie, tot Godsdiensonderrig.*

*Hierdie uitgawe val ook saam met 'n verandering in die redaksie. Santie Grosskopf, wat vir baie jare die tydskrif met haar kenmerkende beskeidenheid, maar op uiters bekwame en professionele wyse gedien het, het aan die einde van 1993 uitgetree. Ons gun haar en haar man, Johannes, wat ook aan die einde van 1993 as professor in Joernalistiek uitgetree het, 'n meer rustige bestaan. Ons wil ons opregte dank teenoor haar uitspreek vir haar vriendskap en onbaatsugtige diens aan Scriptura.*

*Terselfdertyd wil ons Heloïse Davis verwelkom wat Santie as Redaksionele Assistent opvolg. Heloïse het wye ondervinding as joernalis en rubriekskrywer en ons is gelukkig om haar dienste te kon bekom. Sy het reeds hierdie uitgawe met groot bekwaamheid hanteer en ons hoop dat sy gou in die redaksie ingeburger sal wees.*